



AANTEKENINGE MAKLIKER GEMAAK

Herman Labuschagne – Bestuurder SA Stamboek Data Dienste
herman@studbook.co.za

Logix is die akroniem vir Livestock Operational and Genetic Information Exchange, 'n gratis internet gebaseerde program waardeur stoet telers 24 uur per dag toegang het tot hulle data op die Logix stelsel. Die sukses van 'n vleisbeesvertakking kan verhoog word indien die teler toepaslike inligting kan aanwend om meer doeltreffende besluite te neem oor sy produksie proses. Logix stel so telers in staat om direkte toegang te verkry tot die jongste teelt- en produksie-inligting van sy kudde, soos aangeteken op Logix.

Toegang kan verkry word tot die program, deur te gaan na www.logix.org.za en in te teken as gebruiker. Logix verskaf nie net bloot statistiek nie; dit gee toegang tot uitgebreide tersaaklike verslae wat telers kan ondersteun in hul pogings om hul kuddes meer produktief te maak. Die inteken prosedure is maklik en elektronies waarna 'n gebruikerskode en wagwoord voorsien word. Enige teler wat lid is van 'n telers Genootskap kan toegang verkry tot die program asook bedryfsverwante persone soos 'n Buro of Konsultant. Die eienaarskap van die data word erken en verskeie vlakke van toegang kan ge-implimenter word. Ras Genootskappe het bv. toegang tot die hele ras se data en verskeie funksionaliteite is beskikbaar. Die program is tweetalig en kan gestel word in Afrikaans of Engels.

Soek funksie

Die menu op Logix raak al hoe meer omvattend en omdat die gebruikers nie elke dag blootgestel is aan die program nie vergeet die gebruiker soms waar op die menu 'n spesifieke skerm is. Die "Soek" funksie is geskep om vinnig by die betrokke skerm uit te kom. Tik bv. net die woord geboortekenningsgewing in en die stelsel sal al die opsies tot die gebruiker se beskikking vertoon waarna hy net een kan kies en aangaan met wat hy wil doen op Logix.

Kortpaaie

Hierdie funksie is geskep om die gebruiker in staat te stel om vinnig by die skerms wat die meeste gebruik word uit te kom. Dit is soms frustrerend om deur die hele menu te werk om by die regte skerm uit te kom en om hierdie rede is Logix meer gebruikers vriendelik gemaak met die kortpaaie opsie. Die skerms wat die meeste gebruik word is met die druk van 'n knoppie beskikbaar. Die res van die skerms is nog steeds beskikbaar deur die menu te gebruik

Verslae

Verskeie nuttige verslae is beskikbaar onder die volgende opskrifte:

Administratiewe verslae

Administratiewe verslae sluit in verslae soos die Inspeksielys met kenmerke wat al die diere in 'n kudde lys wat nog nie geïnspekteer is nie. Die inspeksie sowel as die keurkodes en linieêre klassifikasies word op die verslag aangeteken en teruggestuur vir verwerking. Die Embrio- en Semenskenkerlys is 'n lys van al die beskikbare geregistreerde skenkers in 'n ras. Die Lys van PEN diere vertoon die diere waarvan inligting uitstaande is voor die dier ten volle aangeteken kan word op stelsel.

Produksie- en stamboomverslae

Hierdie verslae sluit in die Uitvoersertifikaat wat in die korrekte formaat is indien diere uitgevoer moet word en toestemming by die Registrateur verkry moet word. Die Vyf-generasiestamboom is handig indien diere verkoop word en die koper belang stel in die voorgeslagte van die dier. Koei- en Bul nageslagopsommings kan vir individuele diere getrek word om die nageslag van die betrokke dier te evalueer. Die Kraalkaart is 'n baie handige verslag omdat dit baie inligting vertoon van 'n dier veral as diere uitgesoek moet word vir uitskot. Verder is daar die Drie-generasie stamboom met teeltwaardes wat 'n drie generasie stamboom vertoon sovel as die nuutste teeltwaardesyfers van die betrokke dier.

Reproduksie verslae

Reproduksie is tog die belangrikste eienskap waarvoor geselekteer moet word en die reproduksie verslae beskikbaar, maak dit makliker. Verslae soos die Kudde-reproduksieverslag en Kudde-analieseverslag gee 'n vinnige oorsig van 'n kudde se reproduksie status. Met die hulp van die Oorskryding van reproduksie norme verslag kan diere wat nie aan Rasstandaarde of die telers se eie standaard voldoen nie, geïdentifiseer word deurdat die telers self sy kriteria kan stel. Opsommende reproduksiestatistieke verslag, Reproduksie status verslag en Detailreproduksie verslag is nuttig om die sub-fertiele diere te identifiseer wat uitgeskot moet word.

Produksie verslae

Produksie verslae sluit in die SABEEFBULLS.COM webblad waarmee die teler 'n bul in die ras kan gaan soek met spesifieke teeltwaardes om op sy koeie kudde te gebruik met sy eie vooraf opgestelde teelddoelwit. Dit is veral handig as 'n spesifieke bul gesoek word om korrektiewe paring mee te doen. Die gebruiker kan self die standaard en kriteria stel en die stelsel sal die diere soek in die ras. Die Genetiese analise wat die hele kudde se diere met hulle teeltwaardes bevat kan hier moeitewy besigtig en afgelaai word. Om produksie aantekening makliker te maak kan die weeglys gebruik word om data mee op te neem. Die gebruiker kan weeglyste druk en invul en instuur Stamboek toe vir verwerking. Verslae soos die Koei-nageslag kan gebruik word om 'n koei se nageslag se produksie prestasie te evalueer op een verslag. Die Speen & Na speen verslag kan enige tyd getrek word van enige toets op die stelsel. Die Groeitoets verslag, RTU skandering verslag, Prestasie sertifikaat en Liggaamsmates verslag kan na die afloop van 'n groeitoets van Logix afgetrek word in PDF formaat. Die baie bruikbare Teelkuddeseleksieverslag kan gebruik word om eie kriteria op te stel op reproduksie en teeltwaardes om diere te identifiseer vir uitskot of wat die kudde se gemiddeldes nadelig beïnvloed. Inventarislyste kan getrek word vir stoet sowel as die kommersieel kuddes en word gebruik vir fakturering jaarliks.

Dienste

Deur gebruik te maak van die Dienste opsie kan deur die Nutsprogramme weegdatum grense vir die toets van 'n groep diere maklik bereken word. Die data onttrekking fasiliteit bied die gebruiker die geleentheid om sy plaassagteware se data enige tyd op te dateer met behulp van hierdie funksie. Die gebruiker het die keuse om die hele kudde of enkele diere se data in 'n een, drie of vyfgenerasie formaat te onttrek om in sy plaassagteware in te trek.

Data opname

Die data opname fasiliteit bied die gebruiker die opsie om data deur die internet op Logix aan te teken. Transaksies soos geboortekennisgewings, kansellaries en produksie data kan maklik aanlyn aangeteken word op Logix en die diere is binne ure aangeteken en op stelsel. Die teler kan byvoorbeeld sy Inventaris lys trek en dit deurwerk, aanlyn gaan en die geboortes en kansellaries aanteken en die inventaris is binne ure opgedateer sonder dat 'n hele proses betrokke was. Produksie data word maklik deur die fasiliteit opgeneem en skakel baie papierwerk uit en bespaar tyd. Die gebruiker kan 'n sekere groep diere oproep op stelsel en net die gewigte en kodes opdateer en die toets wegstuur. Die gebruiker kry dan binne ure 'n e-pos terug met die resultate en kan hy sy seleksie doen.

Elektroniese per kapita

Die elektroniese per kapita stel die gebruiker in staat om self die kudde se inventaris enige tyd op datum te bring. Die gebruiker kan sy per kapita lewendig trek op stelsel en die veranderinge direk daarop aansuiwer en met die druk van 'n knoppie is die kansellaries gestuur. Dit bespaar baie tyd vir die Genootskap om hierdie data op te neem. Die teler kan 30 minute daarna weer 'n per kapita trek en die diere sal gekanselleer wees.

Teelwaardes

Die Teelwaardes fasiliteit bied die gebruiker maklike toegang tot sy eie teelwaarde data. Die Genetiese analise (PDF) bied die teler die geleentheid om enige tyd sy kudde se Genetiese analise wat sy hele kudde se teelwaardes bevat te onttrek en te gebruik na goeddenke. Die gebruiker beskik oor die fasiliteit om sy plaassagteware program elektronies op te dateer met sy kudde se teelwaardes. Dis maklik om net die leër af te laai en in te trek in sy plaassagteware en al sy data is dan op datum.

Veilingskatalogusse

Katalogusse

Hierdie opsie gee enige persoon toegang tot veilingskatalogusse wat gefinaliseer is en gereed is vir gebruik. Enige iemand wat geïntereeserd is in 'n ras of veiling kan sonder om aan te teken die katalogusse besigtig en aflaai. Die katalogusse is op die stelsel tot twee dae na die veilings datum waarna dit verwyder word. Die lys van veilings is dus al die toekomstige veilings waarvan katalogusse beskikbaar is.

Diere/Semen te koop

Die stelsel maak voorsiening om u diere te adverteer op Logix teen 'n minimale fooi vir drie maande. Die gebruiker kan self sy diere nomineer wat uit die hand te koop aangebied word. Die reserwe prys kan aangetoon word asook opmerkings. Die diere of semen wat te koop aangebied word is te sien onder die Katalogusse opsie onder diere te koop of semen te koop. Veilings katalogusse is nog steeds onder Veilings katalogusse beskikbaar.

Opsommend

Logix is 'n gratis internet gebaseerde program waardeur die gebruiker toegang verkry tot sy eie sowel as die ras se data op die Logix stelsel. Dis maklik om te gebruik en 'n hulpmiddel waarsonder die stoet vleisbeesboer nie sonder kan klaarkom nie.